

**28 Okt. 2023**

# #HARDLOOPVIRHOOP-WEDLOOP

AfriForum TRAUMAEENHEID

## ten bate van slagoffers van plaasaanvalle

**#HardloopVirHoop** is ’n projek van AfriForum-traumaeenheid wat ten doel het om bewusmaking te skep rondom plaasmoorde en plaasaanvalle in Suid-Afrika.

Lede van die publiek wat hierdie projek ondersteun, maak dit moontlik vir die AfriForum-traumaeenheid om fondse in te samel ten bate van hul slagofferondersteuningsfonds.

Hierdie fonds word aangewend om slagoffers van dié gruwelmisdaad te ondersteun met onder andere die skoonmaak van plaasaanvaltonele, materiële ondersteuning, bystand met mediese onkoste, traumaberading aan slagoffers sowel as hulle geliefdes asook advies deur kundiges rakende ondersoek- en hofprosedures.

Die professionele atleet Johardt van Heerden, in samewerking met AfriForum se Traumaeenheid, bied die volgende #HardloopVirHoop-wedloop aan op **28 Oktober 2023 vanaf 07:00 tot 12:00 by Vredenheim-wynplaas in Stellenbosch.**

Van Heerden is ’n kranige atleet wat al van Suid-Afrika se taaiste roetes kafgedraf het. Hy het Suid-Afrika al verskeie kere op nasionale vlak verteenwoordig en onder andere die Otter-wandelroete, wat as een van die moeilikste roetes in Suid-Afrika bekend staan, reeds vyf keer voltooi en vier keer gewen.

Johardt, ’n inwoner van Durbanville in die noordelike voorstede van Kaapstad, hardloop sy hart uit vir traumaslagoffers. “Dit is hartseer om te sien hoe baie mense hoop verloor as gevolg van die uitdagings wat Suid-Afrikaners in die gesig staar. Die uitdagings, wat onder andere plaasmoorde en plaasaanvalle insluit, is geweldig, maar ons kan steeds kies hoe ons daarop gaan reageer,” sê Van Heerden.

**Jy kan slagoffers van dié gruwelmisdaad help deur hierdie wedloop te ondersteun en jou onderneming se personeel in te skryf vir groepdeelname asook deur items vir die deelnemers se welkomsakkie te borg.**

## Indien jy ’n donasie aan AfriForum se slagofferfonds wil maak, gebruik asb. die onderstaande bankbesonderhede met verwysing “VirHoop 28 Okt”.

**Begunstigde: AfriForum NPC**
**Bank: FNB**
**Rekeningnommer: 623 498 983 98**
**Tak: Centurion**
**Takkode: 261-550**
**Verwysing: VirHoop 28 Okt**

**Navrae:**
projekte@afriforum.co.za (Wedloopborgskappe)
trauma@afriforum.co.za (AfriForum-traumaeenheid of trauma-verwante navrae)

Inskrywings en inligting vir die wedloop op 28 Oktober 2023:
**www.afriforumsport.co.za**